higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE FABRIEKSORGANISASIE N4

(4090584)

15 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

257Q1B2015

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE FABRIEKSORGANISASIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik volsinne, tensy anders versoek.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Voordeel van lynuitleg:

A Duidelike uitleg
B Minder vloerspasie is nodig
C Meer as een bediener verrig dieselfde werksaamheid
D Geen knelpunte ('bottlenecks')

1.2 'n Nadeel van eilanduitleg:

A Dit kan 'n ophoping van werk veroorsaak.
B Vakleerlinge moet opgelei word om aan produksiestandaarde te voldoen.
C Swak vakmanskap kan in groot bondels versteek word.
D Elke werksaamheid maak staat op 'n vorige een.

1.3 'Fusing' staan bekend as ...

A 'n arbeidsintensiewe werksaamheid.
B 'n arbeidsbesparende werksaamheid.
C aanhegting van 'n belegsel/voorwerk ('facing').
D 'strike through'.

1.4 Patroongradering ('Pattern grading') is die proses waarvolgens ...

A verskillende patroondele benoem word.
B patrone van verskillende groottes vervaardig word.
C verskillende patroonpapiere gekies word.
D 'n produksiepatroon vervaardig word.

1.5 'n Snystrop ('cutting slip') moet die volgende besonderhede hê:

A Vereiste grootte
B Hoeveelhede van elke grootte
C Kledingstukstyl
D Materiaalwydte

1.6 Kettingsteektipe steke word gekenmerk deur ...

A binnelusvorming ('intralooping).
B tussenlusvorming ('interlooping).
C gaan in of deur materiaal.
D 'n spoel en naald.

Kopiereg voorbehou

1.7 Ornamentele stikwerk word ...

A gebruik om stukke materiaal aan mekaar te heg.
B toegepas op die oppervlakte van die materiaal.
C gebruik om die rand van die materiaal af te werk.
D gebruik om knope aan te heg.

1.8 Randafwerkingstikwerk word gebruik om ...

A some te stik.
B twee stukke materiaal aan mekaar te heg.
C kant en tooisels aan te heg.
D die rande netjies af te werk.

1.9 Foute en gebreke in materiaal staan bekend as ...

A gate in die materiaal.
B frummeling.
C die voorkoms van die verbindingsdraad tydens die weefproses waar 'n klein merkie op die materiaaloppervlakte verskyn.
D trek ('pulling').

1.10 Die doel van pars in 'n klerefabriek is om ...

A die kledingstuk na die kontoer van die liggaam te vorm.
B die kledingstuk klaar te maak.
C naaldwerkfoute te verbloem.
D some in te stik.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1-2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 As mens 'n depper neem en dit teen die material vryf en daar is 'n klein vlekkie, beteken dit dat die material kleurvas is.

2.2 Omboorsel is 'n voorbeeld van 'n strook.

2.3 'n Kettingsteek word gevorm deur 'n spoel- en naaldgaring.

2.4 Higiëne en veiligheid is slegs bestuur se verantwoordelikheid.

2.5 Kommunikasie is die sleutel tot 'n suksesvolle organisasie.

2.6 Geraas belemmer nie kommunikasie nie.

2.7 Werknemergeoriënteerde leierskap gee aandag aan uitsette.

Kopiereg voorbehou

2.8 'n Demokratiese leier bestuur volgens die reëls.

2.9 Sosiale behoeftes sluit in die behoefte aan vriendskap, liefde en aanvaarding.

2.10 'n Posbeskrywing is 'n duidelike uiteensetting van wat van die werker in daardie spesifieke pos verwag word.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

Gee EEN term vir elkeen van die volgende beskrywings deur dit langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Persoon in beheer van veiligheidsinspeksie en -verslae

3.2 Persoon wat sorg dat werksomstandighede, masjiene en toerusting veilig is

3.3 Gekombineerde aktiwiteite van 'n groep mense wat saam werk

3.4 Sorg dat die regte persoon in die regte pos is

3.5 Afwaartse of opwaartse kommunikasie

3.6 Vervoer na en van die werk

3.7 Behuisingsubsidie

3.8 Irriterende of ongevraagde klank

3.9 Werkspasie per werker

3.10 Gevoel wat geskep word wanneer 'n werkarea groen geverf word

(10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-P) langs die vraagnommer (4.1-4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	Veiligheidsgevaar in die werkomgewing	A	klein snytjies
4.2	Dra plakkate en kennisgewings van bewustheid by	B	handkontroles
4.3	Ontsmet en bedek met pleister of gaas	C	tydstudie
4.4	Nuttig vir waarskuwings en alarms	D	'lux'
4.5	Maklik toeganklik vir die bediener	E	bewerking ('operation')
4.6	Eenheid om beligting te meet	F	gebrek aan emosionele stabiliteit
4.7	Warm en droë lug	G	bedryfsteuring
4.8	Word bepaal deur fabriekswette	H	werktuimte
4.9	Word gebruik om tempo te bepaal waarteen 'n spesifieke werksaamheid verrig word	I	diep snye
4.10	Een van die prosesse wat voltooi moet word wanneer materiaal in 'n klaar kledingstuk omskep word	J	werkstasie
		K	klank
		L	humiditeit
		m	veiligheidstekens
		N	werksvloei
		O	bewegingsbesparing ('motion economy')
		P	desibel

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 5

Teken en voltooi die volgende tabel oor deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.1–5.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

SIMBOOL	BESKRYWING	BETEKENIS
5.1	5.2	Proses of werkaktiwiteit
	5.3	5.4
5.5	Permanente berging	5.6
	5.7	5.8
5.9	Gekombineerde aktiwiteit	5.10

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Verduidelik die term smelting/samesmelting ('fusing'). (5)

6.2 Noem VYF kenmerke van 'n industriële sluitsteekmasjien. (5 × 2) (10)

6.3 Verduidelik elkeen van die volgende tipe industriële naaimasjiene.

6.3.1 Sluitsteekmasjien (6)

6.3.2 Enkel- en dubbelgaringkettingsteekmasjiene (4)

6.3.3 Veelnaaldmasjiene (rimpelplooiing- en frummelwerkmasjiene) (7)

6.4 Verduidelik die werking van 'n knoopaanwerkmasjien (8)

6.5 Onderskei tussen die verskillende verpakkingsmetodes vir verskillende materiale en gee 'n voorbeeld van elkeen. Teken die volgende tabel oor en voltooi dit deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.5.1–6.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

METODE	VERPAKKING	VOORBEELDE VAN TEKSTIELMATERIALE
Rolle	6.5.1	6.5.6
	6.5.2	6.5.7
'Cuttles'	6.5.3	6.5.8
Rolle	6.5.4	6.5.9
Hangend	6.5.5	6.5.10

(10 × 1) (10)
[50]

VRAAG 7

7.1 Verduidelik hoe mens doeltreffende kommunikasie verseker. (10)

7.2 Noem VIER tipe leiers en gee TWEE kenmerke van elkeen. (4 × 3) (12)

7.3 Onderskei tussen *posspesifikasie* en *posbeskrywing.* (3 + 3) (6)

7.4 Definieer *motivering.* (4)

7.5 Verduidelik hoe ernstige beserings soos snywonde, brandwonde en kneusplekke behandel moet word. (6)

7.6 Noem SES moontlike oorsake van ongelukke in die werkplek. (6)

7.7 Noem SES belangrike veiligheidsmaatreëls om ongelukke te voorkom. (6)

[50]

VRAAG 8

8.1 Verduidelik kortliks hoe kommunikasie verbeter kan word. (6)

8.2 Verduidelik die term *werknemer.* (6)

8.3 Ekonomiese oorwegings om personeel te motiveer, kan in drie groepe ingedeel word.

Noem elke groep en gee TWEE voorbeelde van elkeen. Tabuleer die antwoord as volg:

TIPE VOORDEEL	VOORBEELD VAN VOORDEEL

(3 × 3) (9)

8.4 Noem VYF faktore wat geneig is om produktiwiteit te verminder. (5 × 2) (10)

8.5 Noem VIER faktore wat werkvloei beïnvloed. (4)

8.6 Noem DRIE vereistes vir doeltreffende werkvloei. (3 × 2) (6)

8.7 Definieer die term *bewegingsekonomie.* (5)

8.8 Wat moet mens in ag neem by die ontwerp van 'n werkstasie? (4)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9

9.1 Noem SES vereistes waaraan handkontroles moet voldoen om doeltreffend in die werkarea te wees. (6)

9.2 Noem die belang van goeie beligting. (5)

9.3 Verduidelik die effek van kleur ten opsigte van gevoelens van koue en warmte, asook emosionele gedrag en buie. (3 × 2) (6)

9.4 Watter uitwerking sal warm, bedompige klimaatsomstandighede op 'n werkomgewing hê? (3)

9.5 Noem en verduidelik kortliks VIER tipe some en hul toepassings. (4 × 2) (8)

9.6 Noem VIER gehaltestandaarde vir nate. (4 × 2) (8)

9.7 Noem DRIE gehaltestandaarde vir some. (3 × 2) (6)

9.8 Noem VIER gehaltestandaarde vir die aanwerk van sluiters/vasmaakmiddels. (4 × 2) (8)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 200
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou